NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

1 September 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. **Lentesangfees … Woord en woorde van lewe!**
2. **Kleuterkerk** (3-6jr) in die Koffiekroeg en **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die sysaal tydens die diens.
3. **Kategese:** Gr 3-4 (Kamer 1), Gr 5–6 (Kamer 2), Gr 7–9 (Konsistorie), Gr 10-11 (Afdak).
4. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die erediens by die kombuistoonbank aan.
5. **Vrouekoeverte** ten bate van die Kerskardoese word vandag ingehandig.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

1 Sep	Lentesangfees
8 Sep	Omgeegroepe

2. **Verkiesing van kerkraadslede:** Sakkie en Elsa Louw is verkies tot die kerkraad.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

01/09 Juané Kritzinger, Francois Lotriet, Bea van der Walt
04/09 Gussie Moll
05/09 André Cloete, Michiel Horn
06/09 James Mac Donald, Lizanne Prinsloo, Bessie Vermaak, Deon Visagie
07/09 Albert van Wyk

INSPIRASIEDAG – SATERDAG 14 SEPTEMBER

NOOIT TERUG … ALTYD VORENTOE!



Pieter de Villiers wy sy lewe daaraan om mense in 'n wêreld met baie eise, *te bemagtig* om die uitdagings van *balans, vrede, sukses, geluk en vervulling* te bemeester. Sy passie is om mense te laat kies vir 'n lewe *met 'n positiewe toekoms in gedagte* – EN SINVOL DAARVOOR TE LEEF. 'n *Oggend van inspirasie om te leef vir elkeen* – ongeag ouderdom of omstandighede. Nooi soveel as moontlik vriende en familie. Gaan lees meer by *pieterdevilliers.co.za.* Daar is geen koste verbonde nie maar ons het getalle nodig vir teetyd.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Annakie van Zyl** (084 043 3069) herstel tuis. Sy erken met dank al die gebede en omgee.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) ontvang steeds chemo-terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.

KERSKARDOESE 2019

Die projek is hier! Ons vra lidmate se samewerking om moontlike begunstigdes te nomineer. Ons wil graag fokus op individue en groepe wat op 'n manier nie deel is van die "*hoofstroom*" nie – en vir wie 'n kardoes 'n baie groot verskil sal maak. TUTELA se gesinne, Emmers Vol Liefde se bejaardes en kinders EN Randburg en Sharonlea se Help die Kind is reeds deel van die groep. Kontak ds Servaas of die kerkkantoor voor 22 September indien daar moontlike begunstigdes is wat in die projek opgeneem kan word.

KATEGESEPROGRAM



Datum	Gr 1 - 11
8 Sep	Lesdag 7
15 Sep	Projekdag

HUWELIKSWEEK 2019 … 1 – 7 SEPTEMBER

Vanjaar se tema vir hierdie week is:

Maak sin van my, jou en ons lewe saam!

Registreer vandag by **sahuweliksweek.co.za** vir 'n besondere week van ontdekking en verbintenis.

Oud en jonk sal beslis baie seën uit hierdie week kan put. Ontvang daaglikse leesstukke en praktiese idees vir saamdoen en droom!

'n Huwelik waar jy veilig voel … 'n huwelik waar jy waardeer word … 'n huwelik wat bly groei … 'n huwelik wat blom!

Vier met oorgawe jou huwelik.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 1 September – Hebreërs 13 : 1 - 8

Stil word en aanbidding: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik? Vertel van iemand wie se lewe vir jou 'n voorbeeld was en/of is. Deel met mekaar julle vreugdes en vrese van die afgelope week. Lees Psalm 81: 1- 5, 10-11 as 'n gebed. Dink na oor die ander gode wat deesdae ons lewens oorneem.

Woord: Alreeds in Hebreërs 12:28 het die prediker sy hoorders opgeroep om God dankbaar te dien. Die woord wat hier vir "dien" gebruik word, verwys na die gemeentelike erediens, waar die aanbidding van God plaasvind. Gevoed vanuit die gemeentelike erediens, word gelowiges se hele lewe nou 'n dankbare erediensgebeure, 'n vertoonvenster van dankbaarheid – die erediens van die lewe! Hoe verloop so 'n erediens? Op die maat van en volgens die bladmusiek van die liefde! Nee, dit is nie die teorie of die gevoel van die liefde waaroor hier gepraat word nie, maar konkrete, praktiese en alledaagse liefdeshandelinge. Hoe kan die liefde net woorde en lippetaal wees (1 Joh. 3:18) as liefde 'n doen-woord is? Niks anders kan tog ons identiteit en optrede bepaal as die liefde nie? As ons mekaar liefhet, sal almal weet dat ons navolgers van Jesus is (Joh. 13:35). Ontdek die verskillende gesigte van die liefde, die veelkleurigheid van die skakerings van die liefde deur Hebreërs 13:1-8 en 15-16 deur te lees. **Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.**

Gesprek

1. Gesels oor die 5 deugde wat in verse 1-5 genoem word. Wat leer ons daaruit oor die gemeenskap waarvoor die gedeelte geskryf is? Hoe help dit ons vandag? Probeer so prakties as moontlik wees.
2. Vertel vir mekaar van die mees onlangse ervaring van Jesus-liefde in die alledaagse lewe wat julle beleef het. Wat het daardie ervaring aan jou gedoen? Waarom bestempel jy dié gebeure as so uitsonderlik? Liefde is opregte meelewing. Vind dit in die gelese gedeelte en help mekaar met konkrete wenke om hierdie soort liefdes-meelewing te beoefen.
3. Die woord wat met "gasvry" vertaal word, sou mens ook met "vreemdelingliefde" kon weergee. Dit gee dan tog 'n ander kant van hierdie liefde weer, naamlik nie vir vriende of familie nie, maar vir mense wat ons nie ken nie en wat anders as ons is, vreemdelinge. Verduidelik waarom hierdie aspek juis 'n toets vir die egtheid van ons liefde is? Hoe kan Jesus-volgelinge hieraan uitvoering gee?
4. Hoe lyk jou geloofsmanifes oor geld en goed aan die hand van Heb. 13:5-6?
5. "Dink aan julle voorgangers … (vers 7). Hoe lyk 'n geloof en lewenswandel wat nagevolg kan word? Dink oor hoe ander jou geloof en lewe sien. Is dit iets wat nagevolg kan word? Wat moet jy dalk anders doen?

Afsluiting: Bely in die volgende week elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "[23]Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê." Om uitvoering te gee aan vers 16, gaan doen in week 'n "*random act of kindness*" vir iemand. Gee volgende week terugvoer daaroor.

DEBIETORDERS GAAN VERANDER …

Diensgroep Steundienste het besluit om van diensverskaffer te verander tov die maandelikse verwerking van debietorders. Die **nuwe verwysing NGKRB sal vanaf die Multi-Data** stelsel kom en is reeds van toepassing vir verhalings aan die einde van Augustus. Alle moontlike maatreëls word getref om die oorskakeling so vlot as moontlik te laat verloop. Lidmate hoef nie reëlings met banke te tref nie. Ons vra begrip sou daar enige foute wees. Skakel Wynand (082 800 1043) vir inligting.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.

SNUFFELGIDS

1. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
2. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
3. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
4. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
5. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
6. **Piet Skoenmaker:** Bring skoene op 'n Sondag en kry volgende Sondag terug. Hak (Dames -R30. Mans R50). Sool (Dames -R50. Mans R75). Stikwerk (*stitching*) - R50. Bring skoene in sak met instruksies/versoek, kontant en telefoonnommer. Navrae en inligting by die kerkkantoor.
7. **Ekklesiapark Kuierdag.** 7 September 10:00. Worsbroodjies, pannekoek, kerrie en rys, ens.
8. **Dringend gesoek:** Enige afval of oortollige lappe vir ons Donderdag naaldwerkgroep. Maar nie laslappies nie. Bring asb na kerkkantoor.
9. **Lindenpark Lente Basaar:** 7 September van 9h00-14h00.
10. **Herstel en diens** van motors en bakkies. Afgetrede werktuigkundige. Basil - 078 165 4808.
11. **Te koop:** 3m Boog tent met voortent met grondseiele vir R5 500. Basil -078 165 4808.
12. **Rekenkundige dienste en belasting praktisyn:** Wye verskeidenheid funksies beskikbaar. Skakel 079 383 6184 of e-pos: dspringle@mweb.co.za.
13. **Te huur:** Moderne ruim tuin woonstel vir R6 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
14. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.